FOKUS

22 NOVEMBER 2020

OGGENDDIENS

Prediker: Dr. Enrico Casaleggio

SKRIFLESING en TEKS: NEHEMIA 10: 28- 39

TEMA : DIEN GOD DEUR MENSE LIEF TE HÊ EN GELD TE GEBRUIK – NIE ANDERSOM NIE

1. HOEVEEL HET JY EN DIE WÊRELD IN GEMEEN?

Nehemia 10:28

2. DIENSBAAR DEUR MY DANKOFFERNehemia 10:37

Haggai 2:8:"Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige".

"We make a living by what we earn; we make a life by what we give".

3. DIENSBAAR IN DIE EREDIENS

Psalm 27:8: "Ek onthou wat U gesê het:"Julle moet my kom dien!" Ek is hier om U te dien Here".

Nehemia 10:39

KERSSANGDIENS

Ons Kerssangdiens vind volgende Sondag, op die eerste Sondag van Advent plaas en lei die Adventstyd in. Advent is nie dieselfde as Kersfees nie, maar ‘n tyd van verwagting en voorbereiding op die koms van Christus en die viering van Kersfees. Kom geniet die sing van kersliedere uit die Liedboek saam met mede gelowiges. Na afloop van die diens gaan ons weer almal saam tee/koffie geniet by die kerksaal. Ons vra elke dame om asseblief ‘n bordjie eetgoed van haar keuse te bring.

VOORBIDDING

- Elize Schoeman gaan Woensdag vir ‘n jeupvervanging. Ons bid vir aar spoedige herstel toe.
- Elna de Necker herstel na ‘n knievervangingsoperasie. Ons bid dat sy spoedi weer haar kragte sal herwin.

- *Geopende deure:* ***Oor Colombië****.* Daar is 47 miljoen Christene in Colombië – amper 95% van die bevoling. ‘n Mens mag dalk aanvaar dat Christene in ‘n land met ‘n Christelike meerderheid geen vervolging ervaar nie, maar ongelukkig is dit nie die geval nie. Bid vir krag en beskerming vir Christelike leiers wat vervolging deurmaak. Asook veranderende kulturele waardes.

VERJAARSDAE

22/11/2020: Liam Tompson, Louis van Biljon
23/11/2020: Jorika van Ryneveld
24/11/2020: Dawina Botha
25/11/2020: Flip Eksteen
26/11/2020: Philip Hamann, Mariette Steyn, MA van Zyl
27/11/2020: Danru Marais, Dawn Pretorius, Welmari Strydom
28/11/2020: Annatjie Bender, Thelma Els, Johan Potgieter

EREDIENSTE

Die hoeveelheid lidmate wat die eredienste mag bywoon is slegs 250 persone. Regulasies soos die dra van maskers, handhawing van sosiale afstand en sanitering geld egter steeds. Daar sal elke week, in die voorportaal, steeds koors geneem word en ‘n lys vir u naam en ander besonderhede sal ingevul moet word. Persone bo 65 jaar se gesondheid moet goed tot baie goed wees om die eredienste by te woon. Kom asb. vroeg om teleurstelling te voorkom. Onthou, slegs die voordeur aan die parkering se kant, word gebruik.

ALGEMEEN

Finansies: Die bankbesonderhede is as volg: NG Gemeente Fichardtpark, ABSA, Tjekrekening, Rek nr. 490 580 395, Takkode: 334 334 en die verwysing: Eredienskollekte/Dankoffer/ Spes. Dankoffer/ 10 etes (hier moet gemeld word indien dit vir iets anders as Dankoffer gebruik moet word).

In die voorportaal is koeverte vir Dankoffer en Spesiale Dankoffer. U is welkom om daarvan gebruik te maak. Soos voorheen, kan u dan die bydrae in die kollektesakkie by die deur gooi. Ons sal weer volgende week aan u die nuutste saldo deurgee.

Bybelskool: Woensdag om 18:00 gaan ons voort met die Bybelskool – vir die laaste keer hierdie jaar. Die reeks waarmee ons besig is, handel oor die Wapenrusting van God uit Efesiërs 6:10-20. Ons kyk in diepte na hierdie baie belangrike gedeelte. Hierdie week kyk ons na die skoene wat aan ons voete moet kom om die Evangelie van verlossing aan ander te gaan vertel. Johannes Blauw skryf hieroor in *The Missionary Nature of the Church* “*Missionary work is like a pair of sandals that have been given to the Church in order that it shall set out on the road and keep on going to make known the mystery of the gospel*”.

Veritas: Indien daar lidmate is wat graag in die nuwe jaar by Veritas wil inskakel, is u welkom om met die kerkkantoor te skakel. U kan ook vir Herman Steyn kontak.

TWEEDE NUWE BOEKIE deur Dr. Enrico: "***Die Woord van God kan nie geboei word nie***" is 'n boekie met oordenkings van hoop vir die tyd van die grendelstaat vanjaar. Dit is die *WhatsApp*-boodskappe wat vir die eerste sewentig dae van die grendeltyd aan lidmate uitgestuur is deur Dr Enrico, wat nou in boekvorm beskikbaar is vir R80.00. U kan dit by die kerkkantoor koop, weeksdae tussen 8:00 en 13:00.

Welpies: Ons wil graag vir die gemeente in kennis stel dat daar nog plek vir kleuters is vir die jaar 2021. U is welkom om die Welpies se kantoor te skakel vir enige navrae. Tel. 051-522 7730.

FONDSINSAMELING

Ons laaste Fich-Mark van die jaar vind Vrydag 27 November plaas. Die mark begin om 16:00 die middag. Daar is 'n groot verskeidenheid stalletjies uit die gemeensap. Ons gemeente verkoop kos en die spyskaart is as volg: Argentynse Potjiekos, Hamburgers, Hotdogs, Sosaties en pannekoek.
Hoop om julle almal daar te sien!!!

JUMBLE SALE!!! Tydens die Fich-Mark gaan ons ook 'n "jumble sale" hou. Die plan is dat jy alles daar vir jou sal kan koop, behalwe 'n kat in die sak. Bring asseblief alles wat in jou huis en in jou motorhuis rondstaan na die kerkkantoor. Alles is welkom.
Ons is ook op soek na mense wat Maandagmiddag 16:00 by die kerksaal kan help om al die items te merk. Hoe meer kan help, hoe vinniger kan ons alles gedoen kry. Vele hande maak ligte werk en hoe meer siele, hoe meer vreugde. Stuur asseblief vir Toekie 'n *whattsApp* op 0798907990 as jy kan kom help.

DIE BYBELGENOOTSKAP

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel met trots die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel bekend.

Die Bybel: 2020-vertaling, is die jongste, mees relevante Afrikaanse vertaling wat saamgestel is uit die nuutste beskikbare brontekste. Die vertaling streef daarna om lesers te laat voel of die Bybelskrywers van ouds in hul eie woorde self die wonderlike liefdesverhaal van God en die mens aan hulle oordra. Terselfdertyd is die teks in vloeiende, idiomatiese Afrikaans geskryf, met omvattende, beskrywende voetnote. Die Bybel word amptelik op 29 November 2020 in Bloemfontein bekendgestel maar kan reeds direk by die Bybelgenootskap verkry word. Die Bybels is in die volgende

bindstyle en uitgawes beskikbaar:

9780798224185	AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, swart hardeband	R129
9780798224192	AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, mediumgrootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R329
9780798224208	AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, **hoofletteruitgawe**, mediumgrootte, swart hardeband	R129
9780798224215	AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel, **hoofletteruitgawe**, mediumgrootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks	R329
9780798224222	AFRIKAANS 2020-vertaling, volledige Bybel met Deuterokanonieke boeke, mediumgrootte, volkleur hardeband	R229

Vir meer inligting oor *Die Bybel: 2020-vertaling* besoek gerus www.bybeldirektevertaling.co.za .
Om jou eksemplaar van hierdie nuwe Afrikaanse Bybel te koop, stuur ’n e-pos aan sales@biblesociety.co.za of besoek ons aanlynwinkel.

Die kerkkantoor het tans nog enkele 2020 Hoofletter Bybels in voorraad. Dit wil voorkom of die mense wat Bybels elektronies bestel vinniger gehelp word.